higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

WERKSWINKELPRAKTYK
NKR VLAK 2

(12041012)

20 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

352Q1N2420

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
WERKSWINKELPRAKTYK
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Dit is nodig sodat die werkplek nie te warm en onplesierig raak nie	A	persoonlike beskermende toerusting
1.1.2	Dit moet breed genoeg wees vir verkeer om te vloei, dit moet met kleur aangedui word en moet altyd skoon on onbelemmerd wees	B	elektrokusie, brande en neerstorting
		C	ventilasie
1.1.3	Mense gebruik dit om hulself teen gevaarlike situasies te beskerm wat hul gesondheid en veiligheid mag bedreig	D	persoonlike faktor en werkfaktor
		E	sekering, stroombreker en koperdraad
1.1.4	Tipes beserings wat met elektrisiteit verband hou	F	looppaadjies
1.1.5	Veroorsaak ongelukke en insidente in die werkplek		

(5 × 1) (5)

1.2 Die invloed van die werkomgewing op mense se gesondheid en veiligheid word deur die Omgewingsregulasies vir die Werkplek beheer.

1.2.1 Definieer die term, *veiligheid*. (1)

1.2.2 Gee TWEE belangrike redes vir veiligheid in die werkplek. (2 × 1) (2)

1.3 Verduidelik die term, *besering*. (1)

1.4 Noem VYF veiligheidsmaatreëls wat op fabrieke en werkswinkels van toepassing is. (5 × 1) (5)

1.5 Noem TWEE komponente van 'n 'SHE'-program onder elk van die volgende opskrifte:

1.5.1 Omgewingsaspekte

1.5.2 Beroepsgesondheid en -veiligheid

1.5.3 Gemeenskapsgesondheid en -veiligheid

(3 × 2) (6)

[20]

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

2.1.1 Noodhulp kan omskryf word as die bystand van 'n noodhelper aan 'n siek of beseerde persoon in 'n noodgeval.

2.1.2 Indien die persoon steeds met die elektrisiteitstoevoer in kontak is, moet die noodhelper hom/haar onmiddellik of so gou as moontlik van die elektriese toerusting af wegtrek.

2.1.3 In gevalle waar 'n beseerde gebreekte bene het, moet die noodhelper nie aan die beseerde raak nie, maar onmiddellik 'n ambulans ontbied.

2.1.4 Volgens die basiese prosedure om 'n voorval in 'n werkplek te rapporteer, moet alle voorvalle binne veertien dae aan die Departement van Arbeid gerapporteer word.

2.1.5 Die veiligheidsbeampte is die persoon wat verantwoordelik is vir die ondersoek van voorvalle in die werkplek.

(5 × 1) (5)

2.2 In enige volgorde, noem al VYF stappe wat gevolg moet word om 'n beseerde met gebreekte bene, 'n rugfraktuur en wat by sy/haar bewussyn en in skok is, te behandel. (10)

(5 × 2)

[15]

VRAAG 3

3.1 Benoem die handgereedskap wat in FIGUUR 1 tot 4 getoon is en verduidelik waarvoor elk gebruik word deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.4) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

3.1.1



FIGUUR 1

3.1.2



FIGUUR 2

3.1.3



FIGUUR 3

3.1.4



FIGUUR 4

(4 × 2) (8)

3.2 Noem TWEE tipes lere. (2 × 1) (2)

3.3 Beskryf wat 'n *ruimer* (*'reamer'*) is. (2)

3.4 Noem DRIE dele van 'n handtap. (3 × 1) (3)

[15]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik wat 'n *staanboor* (*'drill press'*) is. (2)

4.2 Noem TWEE algemene dele in die meeste kraggereedskap wat normaalweg smering vereis. (2)

4.3 Noem DRIE faktore om by die sorg vir en onderhoud van 'n staanboor in ag te neem. (3)

4.4 Benoem enige EEN materiaal wat 'n mens met 'n figuursaag kan saag. (1)

4.5 Noem VIER veiligheidsmaatreëls wat by die gebruik van 'n figuursaag in ag geneem moet word. (4)

4.6 Noem DRIE tipes figuursaaglemme. (3)
[15]

VRAAG 5

5.1



FIGUUR 5

5.1.1 Wat word die meetinstrument wat in FIGUUR 5 getoon is, genoem? (1)

5.1.2 Noem VIER faktore wat 'n mens moet oorweeg om konsekwente akkuraatheid te verseker wanneer hierdie instrument vir afmetings gebruik word. (4)

5.2



FIGUUR 6

5.2.1 Wat is die naam van die instrument wat in FIGUUR 6 getoon is? (1)

5.2.2 Noem VIER faktore wat by die goeie versorging van hierdie instrument in ag geneem moet word. (4)

5.3



FIGUUR 7

5.3.1 Benoem die instrument wat in FIGUUR 7 getoon is. (1)

5.3.2 Noem VIER riglyne wat sal help om foute te verminder wanneer afmetings met hierdie instrument geneem word. (4)
[15]

VRAAG 6

6.1 Kies die korrekte woord of woorde uit dié tussen hakies. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (6.1.1–.6.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

6.1.1 Werkplekprosedure verwys na (bedryfsprosedure/ veiligheidstekens/kleurkodering) wat deur die werkgewer daargestel word.

6.1.2 'n Permit om te werk is 'n dokument wat gebruik word om te verseker dat veiligheidsprosedure (voor/nadat) daar met die werk begin word, toegepas word.

6.1.3 (Waarskuwingstekens/inligtingstekens) is vierkantig met 'n smal rooi raam en 'n beeld op 'n wit agtergrond.

6.1.4 (Groen/blou/oranje) kleurkodering dui op gevaar in elektriese installasies weens bewegende masjienonderdele.

6.1.5 (Water/skuim/droë poeier/koolstofdioksied/halogeengas) is die DRIE tipes brandblussers wat geskik is om vure wat deur elektriese stroom veroorsaak is, te blus.

(5 × 1) (5)

6.2 'n Rekord vir die aanvraag van gereedskap ('tool requisition record') verwys na inligting wat betrekking het op die beplanning en voorbereiding vir elektriese werk wat elke keer aangeteken word wanneer toerusting aan werkers uitgereik word.

Noem VYF verskillende brokkies inligting wat in so 'n rekord vir die uitreiking van gereedskap aangeteken word. (5 × 1) (5)
[10]

VRAAG 7

Noem VYF veiligheidsmaatreëls wat nagekom moet word wanneer soldeerwerk van elektroniese komponente met 'n soldeerbout aan 'n gedrukte stroombaan gedoen word.

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou